Tema: Só wag ons gelowig op Koning se koms

Woordbediening: Lukas 21:20-38
Teks: Lukas 21:27,28

"En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby."

Jesus het aan ons die versekering gegee dat Hy weer sal kom. Intussen het daar al byna 2000 jaar verloop. Moet ons regtig nog glo dat HY weer sal kom? En as ons glo, hoe moet ons op HOM wag?

Moet ons regtig nog glo?

Die "profetiese rede" van Jesus laat party mense twyfel. Jesus het dan gepraat van dinge wat *"nog in die leeftyd van hierdie geslag sal … gebeur"(v 32).* Hét dit, of het die toe nié gebeur nie? Dit hét: Die voorspelling oor Jerusalem se verwoesting en alles wat *"in die land"* en met *"hierdie volk" (v 23)* sal gebeur het werklik in 70nC plaasgevind.

Wat die *"radeloosheid onder die volke"* en hulle *"angs"(v 25)* betref; ons het die afgelope paar weke weer genoeg beleef om ons te oortuig dat God se plan nog volgens sy eie skedule verloop. Ons is nog steeds deel van *"die leeftyd van hierdie geslag"* wat tussen die hemelvaart en die wederkoms van Jesus leef. Dat dit lank kan duur blyk nie net uit Jesus se "profetiese rede" nie (v 9), maar ook uit sy gelykenisse (bv Luk 19:12; Luk 17:22; Luk 12:45).

Die vraag is: GLO ons nog WAT ons BELY?

Hoe moet ons dan op Hom wag?

"sodra julle sien…"(v 30) Omdat Hy ons ingelig het verwag Hy van ons <u>om te sien</u> hoe sy woorde vervul word. Wanneer "hierdie dinge" gebeur moet ons nie optree soos die ongelowiges wat beangs en paniekerig rondskarrel nie. Wie hom blind hou sal in sy geloof verswak, wie met verwagting sien sal in sy geloof versterk word.

"staan dan regop…"(v 28) Wat is die alternatief? Kruip weg? Hardloop weg? Raak doenig met baie dinge? Ons liggaamshouding getuig van ons gereedheid, soos 'n soldaat wat gereed is vir inspeksie. Die stryd moet voltooi wees, voor dit te laat is (vgl. Pred 11:9-12:1 en 2 Tim 4:7,8). "Laaste-minuut-bekerings" is die uitsondering op die reël.

"en lig julle kop op…"(v 28) Nie om te spot of te spog nie, maar van blydskap en opgewondenheid, omdat dit wat ons glo en hoop besig is om in vervulling te gaan en ons soveel meer rede gee om te lewe soos mense wat elke dag op die Here wag (Heb 10:23-25)